Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 1: Nommer 8 – 7 Maart 2025






Wat 'n onvergeetlike oggend wat vir lank onthou sal word, waar Lindie Strydom ons herinner het dat ons Vader elkeen van ons uitgekies het om 'n spesiale rol te speel in ons eie kinders, maar ook in ander se lewe. Ruhan het ons bekoor met sy vieroktaaf engelstem, terwyl *Lucky Bread Co* gesorg het vir die heerlike saamkuier om 'n koppie koffie en lekkerste versnaperinge.

BAIE DANKIE AAN:

- elke dame wat die oggend bygewoon het, jou teenwoordigheid maak so 'n groot verskil in ons Lynnie-kinders se lewe.
- al ons borge vir elke lootjieprys, gelukkige trekking, skenking en bydrae tot die dames se "*goodiebags"*.
- die projekkomitee, elke personeellid, graadverteenwoordiger en ouer wat deel was van die sukses van die oggend.
- *Carla Nel Photography* vir die mooiste foto's.

SAAM maak die Lynniegemeenskap 'n verskil.

Nogmaals dankie
Ilsé de Villiers



## OUERLEIDING

### Opgedra aan ma's



Ons jaalikse damesoggend ten bate van die ongelooflike dienste wat aan ons Lynnies gebied word deur die Omgeefonds, het die klem laat val op die vrou agter die ma. Lindie Strydom het haar storie as ma met ons mammas kom deel en ons gelaat met pitkos vir die siel.

Ma's is van nature hard op hulself en stel almal en alles voor hulself. Om 'n beter ma te wees verg dikwels nie wat jy vir die res van die gesin doen nie, maar hoe jy jouself behandel.

<u>'n Paar wenke om 'n "beter" ma te wees</u>:
Gee jou kinders meer verantwoordelikheid – Jy sal jou kinders op die lang duur 'n guns bewys deur hulle die verantwoordelikheid te gee van take in en om die huis en hul eie skoolwerk te doen. Jy staan uiteraard ondersteunend by en gee leiding , maar kinders moet van jongs af geleer word dat dit nie "ma se werk" is nie. Gee jou kind ruimte om ook foute te maak.

Sit aan by 'n etenstafel – gesels oor die dag se gebeure. Deur bewus te wees wat in jou kind se lewe aangaan, gesprekke met hulle te hê wat soms ongemaklik kan wees en hulle die versekering te gee dat jy die een is wat daar sal wees , ook as dinge verkeerd loop, kan ons selfversekerde, gelukkige en veerkragtige kinders grootmaak.

Gaan drink 'n koppie koffie saam met 'n vriendin, lees 'n lekker boek, kyk vir 'n slag wat jy wil kyk op TV, gee jouself 'n breek.

Geniet die geskenk van ouerskap in elke fase van jou kind se lewe. Dis die klein goed wat die groot goed in die lewe is en die kosbaarste herinneringe lê juis in eenvoud opgesluit.

Ouerskap is 'n reis wat gevul is met opdraendes en afdraendes, (en soms is daar 'n pap wiel of twee op hierdie reis...) Ons plaas dikwels baie druk op onsself om perfek te wees. Maar die waarheid is dat positiewe ouerskap nie daaroor gaan om perfek te wees nie. Dit gaan daaroor om teenwoordig te wees en ingestel te wees op jou kind se behoeftes.

Mamma – jy is gekies om saam jou kind op hierdie lewensreis te wees. Stop 'n oomblik, haal asem en neem die skoonheid van die uitsig in.

### Wat gebeur volgende . . .



Laerskool Lynnwood

**IN DIE KOLLIG BY Lynnies 2025**

**DAMES-OGGEND**
SATERDAG
**1 MAART | 09:00 - 13:00**
LAERSKOOL LYNNWOOD

**BULLETJIE-RUGBY**
SATERDAG
**12 APRIL | 07:30 - 12:00**
LAERSKOOL LYNNWOOD

**REVUE**
DINSDAG - MAANDAG
**17 - 23 JUNIE | AAND VERTONINGS**
LAERSKOOL LYNNWOOD

**LHFSTVL LYNNWOOD HOCKEY FESTIVAL**
VRYDAG - SONDAG
**25 - 27 JULIE | VOLGENS PROGRAM**
VERSKEIE VELDE

**KRIEKET AKADEMIE GHOLF & ROLBALDAG**
VRYDAG
**15 AUGUSTUS | 09:00 - 21:00**
WINGATE COUNTRY CLUB

**KASKAR-DAG**
VRYDAG
**19 SEPTEMBER | 08:00 - 13:00**
LAERSKOOL LYNNWOOD

**KONTAK ONS BEMARKER VIR MEER INLIGTING:**
**SHARISE JANSE V RENSBURG**
**082 348 3060 | SHARISE@LYNNWOODLAER.CO.ZA**
**ONS PLAAS JOU BESIGHEID IN DIE KOLLIG.**

## LYNNIES NASKOOL

### MEER AS NET 'N NASKOOL

'n Naskool word geassosieer met lekker middagetes, huiswerk, te sorg dat kinders by hulle buitemuurse aktiwiteite uitkom en 'n veilige plek om te wag vir hul ouers. Lynnies se naskool is dit en veel meer. Studie – en verrykingsprogramme vir ons grondslag - en intersenfase leerders is 'n integrale deel van die daaglikse roetine. Vir ons grondslagfase leerders is dit vir ons belangrik dat hulle speel - speel geleer word dat leer lekker is en die nuwe "*Move it* - *Move it* Vrydag" bewegingsprogram is reeds 'n treffer onder die naskoolmaats. Vir ons gr 4 tot 7  leerders word hersieningsvraestelle opgestel en uitgegee voor elke fomele assessering om ons naskoolmaats voor te berei vir toetse en eksamens te midde van besige programme.








Met meer as 600 ingeskrewe naskoolleerders is Lynnies Naskool beslis meer as net 'n Naskool.



## K U L T U U R

### PRETORIA EISTEDDFOD

Laerskool Lynnwood is geaffilieer by die Pretoria Eisteddfod**. Indien ouers belangstel om hulle kinders solank vir die eerste sessie in te skryf, kan hulle 'n e-pos stuur aan juffrou Marnie *Krige* [*marnie.krige@lynnwoodlaer.co.za*](mailto:marnie.krige@lynnwoodlaer.co.za) *voor of op 15 Maart 2025.***

***Inskrywingsdatum vir die Pretoria Eisteddfod is as volg****:*

***Sessie 1:*** *Alle afdelings : Perkussie, Klavier, Klawerbord, Vokaal (Klassiek en Populêre afdeling) en Blasers (koper of hout) :* ***10 tot 15 Maart 2025****.*
***Sessie 2:*** *Klassieke kitaar, Kuns en Snare:*
***9 tot 20 Junie 2025****.*
*Inhandiging van kunswerke (slegs 'n foto):*
***5 Augustus 2025****.*

*Gaan gerus na [www.pretoriaeisteddfod.co.za](http://www.pretoriaeisteddfod.co.za) vir meer inligting en datums van beoordeling.*

***Inskrywingsdatums vir Afrikaanse Drama is as volg****:*

***Herfs Drama****: Individuele items, Spreekkore en Tonele :* ***6 tot 18 Maart 2025***
***Lente Drama:*** *Groepwerk :* ***5 Junie tot 20 Junie 2025***

*Gaan gerus na [http://www.ocnaf.co.za/](http://www.ocnaf.co.za/) vir meer inligting en datums van beoordeling.*

### REDENAARS

Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor.  Let wel spanredenaarslede moet ook op die redenaargroep wees.
[https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8](https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8)

### REDENAARSGEDAGTE VIR DIE WEEK

*"Life is like a book.*
*Some chapters are sad, some are happy and some are exciting.  But if you never turn the page, you will never know what the next chapter has in store for you".*

## ATKV

Baie geluk aan die volgende leerders wat deur is na die ATKV uitdunne wat plaasvind in Mei.

Graad 1 – 3:
Eike Bosch
Elle Slabbert
Henry Miles
Malan Müller
Charlotte Oelofsen
Elle Moodie
Danelo de Kock
Zahn Potgieter
Illane Schalekamp
WC Steyn
Emma Marais
Emma Cronje

Graad 4 – 5:
Isabella d Kock
Annabelle Janse van Rensburg
Neo Senekal
Milah Müller
Lienke Miles
Lea de Jager
Marghite Vermooten
Melanje Maasdorp
Anje de Wet
Cara Swanepoel
Danru Bosch
Anru Oelofsen

Graad 6 – 7:
Milla Roux
Ayva Potgieter
Kara Breed
Lanike Parsons
Emke Pieterse
Livi Engelbrecht
Abigail Ridgard
Jana-Marie Janse van Vuuren
Miané Swanepoel
Naomi Russel
Milandri Schalekamp
Anjuné Palm

## DAGBESTUUR

Die Dagbestuur wens juffrou Felicia geluk en ook die hoof van Hoërskool Garsfontein, mnr Bantjies.





Die Dagbestuur hoofleiers het verlede Sondag 'n leier oggenddiens bygewoon by Doxa Deo Brooklyn gemeente.





# SPORT

## SWEM

***Tshwane Interschools*: 4 Maart 2025**

Ons swemspan het op Dinsdag, 4 Maart, in die Tshwane Interschools Gala te Woodhill College deelgeneem. Die gala het ons 2024 / 2025 swemseisoen op 'n hoogtepunt afgesluit.
Liané Pienaar en Caleb Muller is aangewys as die Victrix Ludorum en Victor Ludorum vir die dag. Lynnies het in totaal 47 medaljes en 6 aflosse gewen. Ons wen die B-liga en skuif volgende jaar op na die A-liga toe. Baie geluk aan elke swemmer, met hulle uitstekende prestasies, die harde oefening deur die seisoen was verseker die moeite werd!

<u>Uitslae</u>:

| | |
|---|---|
| Laerskool Lynnwood | 1974 |
| Laerskool Pretoria-Oos | 1961.50 |
| Midstream College B | 1712 |
| Dsg Whps B | 1657 |
| Laerskool Garsfontein B | 1501 |
| Cornwall Hill College B | 1457 |
| Woodhill College | 1314.50 |
| St Paulus Primary A | 1265 |
| Rietondale Primary | 947 |
| Curro Hazeldean | 875 |




# GHOLF- EN ROLBALDAG




**Gholfdag Inskrywingsvorm:**
https://form.jotform.com/250472338202550
**Gholfdag Bemarkingsgeleenthede:**
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfHy17zE6LkzbBwo4yOhDBs6oDlCElHFbWkbHCWm6A1bANzxg/viewform?usp=header




**Rolbaldag Inskrywingsvorm:**
https://form.jotform.com/250472090371552
**Rolbaldag Bemarkingsgeleenthede:**
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdowM1e4vBT4cSfsyC8837uvOztxZUHr9blIlqJA6lMzcp95Q/viewform?usp=header

## SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**2025**

| | |
|---|---|
| Kwartaal 1: | Vrydag, 21 Maart (Publieke vakansiedag) Menseregtedag<br>Skool sluit 28 Maart |
| Kwartaal 2: | 8 April tot 27 Junie |
| Kwartaal 3: | 22 Julie tot 3 Oktober |
| Kwartaal 4: | 13 Oktober tot 10 Desember |

## PERSONEELVERJAARSDAE

**M A A R T**

| | |
|---|---|
| 7 | Jenay Jordaan (pre-prim ass) |
| 9 | Mienkie Skosana (pre-prim alg. ass) |
| 13 | Christa Enslin (naskool) |
| 14 | Kaylin de Jongh (pre-prim ass) |
| 15 | Bernadette Roodt (o/w) |
| 23 | Andries Skosana (alg. ass) |
| 25 | Abigail Küsel (o/w ass) |
| 26 | Marina Steyn (o/w) |
| 28 | Charmara Steyn (o/w) |

## LYNNIES BIDGROEP




**<u>BID VIR LYNNIES</u>**
**Woensdae 07:25 voor die hoofhek.**
**Kontak Anlia 082 927 1020**
**om deel te word van die WhatsApp groep.**

**<u>Steve Stolk</u>**
**UITVOERENDE HOOF**






**DATUM:** 12 April 2025 | 09:30 | R140
**VENUE:** AfriForum Teater
**KAARTJIES:** www.afriforumteater.co.za

Wes-Kaapse Regering VIR JOU

nb UITGEWERS PUBLISHERS




